



TOULEIER



Ek ontdek weer die vreugde van gee

Laas keer was ek mos by 'n drinkeboersvereniging se vergadering en ná so 'n paar Germaanse bruisdrankies en sonder dat ek iets te ete gekry het, bevind my in een van Doha se strektaxi's buite die rugbyklub.

Die vriendelike jong Indiër-bestuurder genaamd Najat vra my bekeef waarheen hy my kan neem. Ek verduidelik waar ek bly en hy vat die deurpad met D-ring en draai die radio op die plaaslike Engebe radiostasie met heel skaflike voetkielie-musiek.

Ná so 'n entjie draai hy die musiek sagter en vra my of ek van Suid-Afrika is.

"Ja," antwoord ek, "is dit my aksent wat my weggee het?"

"Nie net dit nie," antwoord hy. "Julle is ook vriendeliker as die meeste van my kliënte."

Die mannetjie is duidelik lus vir gesels. "En van waar is jy?" vra ek uit blote maniere. "Sri Lanka," kom die antwoord dadelik. My volgende standaardvraag is wanneer laas hy by die huis was. "Drie jaar laas," sug hy.

Ons ry nog 'n entjie in stilte. Foeitog, skielik wonder ek of dit die moeite werd is vir hulle om so ver te kom werk.

"Hoeveel betaal hulle jou, as ek mag vra?" 900 Real vertel hy my. Dis maar bitter min vir twaalf tot sestien ure per dag se arbeid. Ek vra hom hoeveel hy verdien in footjies. Op 'n goeie aand, so twintig tot dertig real, meen hy. Meeste dae niks, die mense tip nie sommer nie. Ek het regtig gedink hulle maak meer geld as dit. Dis mos slawearbeid! Ek werk uit hy al kry hy ook nou slaapplek en kos, is R4000 'n maand mos nie juis geld nie, veral nie hier in Doha waar als so duur is nie.

"Nee, hy gaan nie eintlik uit nie," antwoord hy op my vraag. "Slaap, eet en bestuur, dis maar wat ek doen." "Jy verlang seker vreeslik?" kom my derde vormvraag. "Ja, veral vanaand." Hy sug weer. "Dis my verjaarsdag vandag en ek het nog nie eers kans gehad om huis toe te bel nie."

Ons is by die verkeersligte waar hy moet afglip in die dienspad. "Ry verby," laat ek hier van agter af weet.

"Kom ons gaan vier eers jou verjaarsdag. Jy verjaar presies 'n maand voor my vroultjie, Annabelle." Hy is merkbaar nuuskierig. "Waarheen?" Ek beduie hom die pad Hardees toe, 'n deurryplek met lekkerder burgers as Steers in Duskantland. Ek vind uit hy het nog nooit hier ander kos geëet as wat hulle hom by die kampong voer nie.

Ons stop voor die spyskaartbord en die man kan nie besluit nie, als lyk seker te lekker. Ek besluit om namens Najat ons kos te kies en kry sommer ook twee aarbeimelkskommels met ekstra room bo-op en ek 'upsize' die aartappelskyfies wat saam met die burgers kom.

Op pad huis toe gee hy my sy nommer. Ek kan net skakel en hy sal my kom haal, waar ek ook al is en wanneer ook al. Ek skakel hom om sy nommer te registreer. Wanneer hy my by die villa se hek aflaai, kyk ek agterna hoe hy met 'n glimlag wat rondom sy kop loop wegry met 'n vet footjie van QR50 ook. Daar naby die hoek sien ek hoe hy aftrek en parkeer. Die man kan nie wag nie. Lekker om te gee onder sulke omstandighede.

Nou die dag, presies 'n maand later en op Kamermaatjie se verjaardag kom daar 'n SMS.

"Groete en veels geluk met u vrou se verjaarsdag, Najath"

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

Om die kampvuur

Waar kom ons woorde vandaan?

Maleis:

Maleis: Amper van hampir, baadjie van badju, baie van badju en piering van piring; nartjie, blatjang, bobotie, borrie, sosatie, mebos, doe-pa, paljas, siesal, ramkie, nonnie, nonna, kierang, pampierlang, liepapper, sambok.

Khoe:

Gogga van xoxon.

Portugees:

Bredie van bredo, kombes van cobertas en kraal van curral; froetangs, makou, bredie, tamaai, maskie;

Zoeloe:

Moetie en afleidings daarvan soos moetieman, moetie-moord en moetiewinkel van die Zoeloe umuthi wat medisyne beteken.

Tswana:

Ietermagôg is waarskynlik afkomstig van Tswana: machocho (mier) of magogwe (rate!).

Turks: Karwats, via Duits, Pools na Nederlands.

SLIM LOGO'S (2)

Maatskappye bestee klein fortuintjies aan die ontwerp van logo's. Miskien sal jy nou verstaan hoekom, en in die toekoms fy ner oplet!



Jy het seker opgelet hoe die gorilla en die leeuwyfie vir mekaar kyk. Slim, nè.

Lekker limerick

Koos Hall, 'n beswaarde ou man
wil sy voornaam verander na Jan;
jy móet dit begryp,
hy's erg in die knyp:
hy sit op sy naam ... met sy van.

Die herkoms van ons gesegdes (23)

Mantel: Jou mantel na die wind draai/hang (jou op beginsellose wyse na omstandighede skik)

'n Persoon wat sy mantel na die wind draai, is altyd beskut teen die wind. In figuurlike sin beteken dit dus om so op te tree dat jy altyd aan die wenkant is, al verander omstandighede ook teen jou beginsels.

Mas: Die mas opkom (moeilike werk sonder hulp verrig)

'n Erfstuk uit die Nederlandse seevaartterme: die matroos moes self sonder hulp teen die mas opklouter.

Mede: 'n Wet van Mede en Perse ('n wet of reël wat onder geen omstandighede verander of herroep mag word)

Medië was 'n antieke land van Wes-Asië (vandag se Azerbaidjan, Koerdistan en 'n deel van Iran) wie se inwoners in 621 v.C. die Perse oorwin en saam met die Babiloniërs Ninevé verwoes het. In 550 v.C. is die Mede deur die Persiese heerser, Cyrus die Grote, verslaan. 'n Kenmerk van die Mede en die Perse was die onverbiddelikheid van hulle wette, soos wat ook in die Bybelboek Daniël 6:8 8 vermeld word.

Meetsnoer: Die meetsnoere het vir iemand op lieflike plekke geval (wat iemand gekry of bereik het, is goed of mooi)

Die uitdrukking is ontleen aan Ps. 16:6 in die vroeëre Afrikaanse Bybelvertaling. Die meetsnoer is 'n maatlyn wat deur landmeters gebruik is om die grootte (en ligging) van 'n stuk grond te bepaal wat aan iemand toekom. As hulle op lieflike plekke geval het, was jou stuk grond pragtig.

Die mag van HIPNOSE



Die vrou kom by die huis en sê aan haar man:

"Onthou jy nog daai hoofpyne waarmee ek al die jare sukkel? Wel, hulle is weg!"

"Nie meer hoofpyne nie?" vra die man verbaas. "Wat het gebeur?"

Sy antwoord: "Maggie het my na 'n hipnotis verwys. Hy het my voor 'n spieël laat staan en my oor en oor laat sê 'Ek het nie 'n hoofpyn nie; ek het nie 'n hoofpyn nie; ek het nie 'n hoofpyn nie.' En dit het gewerk! Hulle is weg!"

"Dis wonderlike nuus," sê haar man.

Toe sê sy: "Jy weet, jy was hierdie laaste paar jare nou nie juis 'n vuurbal in die bed nie. Hoekom gaan jy nie ook na 'n hipnotis nie, dit werk dalk vir jou."

So gesê, so gedaan. Ná sy eerste afspraak kom hy tuis, pluk sy klere af, tel sy vrou op en dra haar kamer toe.

Hy sit haar op die bed neer en sê:

"Moenie roer nie, ek is nou terug."

Hy gaan badkamer toe, kom ná 'n paar minute terug, spring in die bed en maak passievolle liefde met sy vrou - beter as ooit tevore.

"Oe!" sê sy, "dit was wonderlik!"

"Moenie roer nie," sê hy, "verskoon my net gou."

Hy gaan badkamer toe, kom terug en ronde twee is selfs beter as die eerste keer.

Sy vrou sit regop en haar kop draai.

"Sit net so, moenie roer nie, ek is nou-nou terug," sê hy weer en gaan badkamer toe.

Hierdie keer kry haar nuuskierigheid die oorhand en sy volg hom. Sy sien hom in die badkamer voor die spieël staan en met homself gesels.

"Sy is nie my vrou nie."

"Sy is nie my vrou nie."

"Sy is nie my vrou nie."

Sy begrafnis is Vrydag.

Hy't dit mos gesoek!

Die paramedikus word tydens 'n kragonderbreking ontbied na 'n huis waar 'n vrou in kraam is.

Daar aangekom is die enigste bron van lig 'n flits wat die driejarige Jannie vir hom moet vashou.

Hy vra: "En wat dink jy hiervan, Jannie?"

Jannie: "Die klein donneth moeth ini eetheplek nie daa' ingekhuip het nie, moeth hom wee!"

Moenie die lewe so ernstig opneem nie. Niemand kom lewendig anderkant uit nie.

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

"Jazz is musiek wat vir die marteling van imbesiele geskep is."
- Henry van Dyke

"Ek weet hoekom die son nooit oor die Britse Ryk sak nie: God vertrou geen Engelsman in die donker nie."
- D. Spaeth



SENIOR GESPREK

"Weet jy, ons is amper daar!"
"Amper waar?"
"Wie het daarvan gepraat?"
"Ek is seker jy het iets gesê!"
"Het ek?"
"Kan jy niks onthou nie?"
"Van wat nie?"
"Vergeet dit!"
"Wat moet ek vergeet?"
"Dit wat jy gesê het"
"Wat het ek gesê?"
"Dit wat jy vergeet het!"
"OK, kom ons los dit."
"Weet jy, ons is amper daar!"
"Amper waar?"

(Van Marnus Steyn)

VERRASSINGS

Ek dink dis aaklig die manier waarop almal Lance Armstrong behandel het, veral nadat hy die Tour de France sewe keer gewen het terwyl hy op dwelms was.

Toe ek op dwelms was kon ek nie eers my blerrie fiets kry nie.

KOOS IN BENONI

Koos gaan Benoni toe, maar die manne is maar moeilik in die kroëe daar. Dis ook nie lank nie, toe kyk hy vir die verkeerde girl en woeps, daar omsingel 'n paar fris manne hom in 'n hoek.

"Weet jy wie my pa is?" vra die voorbok met 'n brandewyn-aseem.

"Uh, nee, sorry, Kwagga ..." probeer Koos, "weet jy dalk?"

VEILIGE SEKS

Kondome waarborg nie meer veilige seks nie. 'n Vriend van my het een gedra toe hy deur die vrou se man geskiet is.

WERK DIT SELF UIT!

Paddy die Ier haal 'n vlug op Easyjet.
"Hoeveel mense vlieg saam met jou?" vra die vlieënier.
"Hoe moet ek weet?" sê Paddy. "Dis mos jou blerrie vliegtuig!"

SUKKELSTAP

Twee dronk latte loop een aand nadat hulle lekker gekuier het op die treinspoor.

Na vier kilometer sê die een:

"Die flippen trappe maak my klaar!"

Die ander een sê: Die trappe is oukei. Wat my die meeste pla is die relings wat so vrek laag is."

DIE TOWENAAR VAN ID Deur Parker en Hart





Die Superrugbyreeks van 2014 het begin. Tydens hierdie belangrike gebeurtenis is daar 'n paar dinge wat julle moet weet en verstaan.


- 1.** As jy 'n hmmm hoor ná 'n vraag wat jy gevra het, beteken dit: Gaan, geniet dit. Moenie die kar stamp nie en moenie meer as R50 spandeer nie. Maak gou. Bring klam biltong met 'n vetjie, tesame met 12 koue biere, 'n pak chips, rump steak, wors (bykos), skaaptjops (bykos) en houtskoolbrikette.
- 2.** Skuif vroegtydig die meubels sodat jy glad nie tussen die rugbykenner en die TV- stel verbybeweeg nie. Om dit poedelnakend kaal te doen gaan geen verskil maak nie.
- 3.** Moet nooit sê die beste span het gewen nie. Dit werk nie altyd so nie.
- 4.** Moenie vra wie speel en wie loop voor nie, dit staan op die skerm.
- 5.** Moet ook nie vra waar hulle speel nie. Die tuisspan se naam verskyn eerste by die telling op die skerm, selfs al loop hy agter.
- 6.** As jy nie weet waar 'n span se tuisveld is nie, vra dit ná die wedstryd.
- 7.** As die telefoon lui, is dit vir jou. Antwoord. Niemand is so simpel om my te bel as daar rugby gespeel word nie. Dit geld ook as een of ander simpelton die voordeurklokkie lui.
- 8.** Rustyd, beseringstyd en 'n advertensiebreek tussen wedstryde is bedoel dat die man 'n draai kan loop en om te luister wat die kenners op die TV sê. Moenie dan kom met onbenullige vrae vra soos: "Moet daar water by die plafon uitdrup?" of "Moet daar vlamme by die kar se paneelbord uitkom?" nie. Los dit tot ná die wedstryd.
- 9.** Moenie my skeef kyk as ek oor die skeidsregter kla nie. Skeidsregters is onnosel en skelm. Dis hoekom Danie Craven gesê het daar is nie rugby in die hemel nie, want daar kan nie skeidsregters wees nie.
- 10.** Moet nooit dat my pelle uitvind jy weet nie wie Danie Craven was nie.

Baie dankie byvoorbaat vir julle samewerking. Ons is lief vir julle, julle lyk fantasties in daai nuwe rok en nee, jou ma kan nie kom kuier nie.

Ons sien julle weer in November raak as die rugby se herhalings vervelig raak!

Uit die wakies

Stories vir die vaak



Die storie van 'n rugbyspeler van Irak



Die Gautengse rugbyspan die Lions se bestuurder het Bagdad toe gevlieg om 'n klomp jong Irakese te sien speel. Een van die kêrels het hom baie beïndruk en hy kontrakteer hom toe om in Johannesburg te kom speel.

Twee maande later is die Lions 6-18 agter teen die Cheetahs en daar is net 20 minute speelyd oor. Die afrigter knik vir die jong Irakese vleuel en hy gaan as plaasvervanger op die veld.

Die man is 'n sensasie en druk vier drieë en laat sy span maklik wen. Almal is in ekstase oor die nuwe vonds.

Ná die wedstryd bel hy sy ma en vertel sy wonderlike storie.

"Ma, ek is 'n sensasie! Ek het vandag 20 minute gespeel en vier drieë gedruk. Almal is mal oor my en die media oorval my!"

"Wonderlik!" sê sy ma. "Laat ek jou van my dag vertel. Jou pa is in die straat raakgeskiet en beroof, ek en jou suster is in 'n lokval gelei en aangerand en jou broer het lid an 'n bende geword terwyl jy rugby speel."

"Sjoe, Ma," sê hy. "Ek kan maar net sê ek is jammer!"

"Jammer? Jammer?" gil sy ma. "Dis jou skuld dat ons almal Johannesburg toe verhuis het!"



Hou op met sondig!

Daar was 'n Skotse verwer met die naam Smokey MacGregor.

Hy was vreeslik ingestel op wins en kortpaaie, en dus het hy sy verf verdun sodat dit 'n bietjie verder strek.

Hy het lank daarmee weggekom, maar uiteindelik het die plaaslike kerk besluit om groot onderhoudswerk aan die buitekant van een van sy grootste geboue te doen.

Smokey het getender en omdat sy prys so laag was, het hy die kontrak gekry.

Die volgende dag het hy begin om die steiers op te rig en die verf te koop en dit te verdun.

Hy het op die steier geklim en sy taak was amper volbring toe daar 'n geweldige donderslag weerklink.

Die hemel het oopgetrek en die reën het al die verf van die gebou afgewas.

Smokey het van die steier afgeval en tussen die grafstene beland, omring deur poeletjies van die nuttelose, verdunde verf.

Hy roep toe in sy Skotse Engels: "Oh Lord, forgive me! What shall I do?"

Bokant die donderweer uit het 'n magtige stem hom geantwoord:

"Repaint! Repaint! And thin no more!"



Pietie en die viool

'n Man het sy buurman vir 'n drankie oorgenooi en terwyl hulle met hul ottermaklottedertjie besig is, kom sy sesjarige seuntjie binne met sy viooltas onder sy arm.

"My seun leer viool speel," het die trotse vader gesê. Ek wil graag hê jy moet hoor hoe hy speel. Komaan, Pietie, speel iets vir oom Hennie."

Die klong het sy viooltas oopgemaak en begin speel. Dit het geklink soos twee Augustusmaand-katte wat op 'n dak sit en skree.

Toe hy klaar is, het die pa na sy buurman gekyk en gevra:

"Wel, en wat dink jy daarvan?"

Die buurman het 'n paar sekondes gedink en antwoord: "Hy herinner my aan Cliff Richard."

Pietie het breed geglimlag, baie trots op homself.

"Cliff Richard?" vra die vader. "Ek het nie geweet hy kan viool speel nie?"

"Nee, hy kan nie," het die buurman geantwoord.

Gehoor hoekom die padwerkers so stadig aan ons land se paaie werk?

Daar staan mos geskryf:

"Don't fool yourself, SPEED kills!"



Gesonde ouma

Ja, ons oumas het mos 'n raat vir allerlei kwale gehad. En hulle was baie vrygewig met die uitdeel van dié rate.

Ouma: "Vir my spysvertering drink ek bier. Om my eetlus aan te wakker, drink ek witwyn. Vir lae bloeddruk drink ek rooiwyn."

Kleindogter: "En wanneer drink Ouma water?"

Ouma: "Nee, my kind. So siek was jou ouma darem nog nooit."

Watse bekruipery is dit?

Die jong, lui stadsjapie het vir die eerste keer op sy oom se wynplaas op Stellenbosch gaan vakansie hou. Die eerste oggend maak sy oom hom vroeg wakker.

"Komaan, Sarel, ons moet opstaan en begin om druiwe te oes."

"Is die druiwe gevaarlik?" mompel Sarel half deur die slaap.

"Nee, hulle is nie gevaarlik nie. Hoekom vra jy?"

"Hoekom moet 'n mens dan in die donker op hulle afsluip?"

Stamboom

Help ons familiespeurders

BARNARD charlette.barron@gmail.com

Looking for info on Marthinus Christoffel Barnard and his wife, parents of Gert Petrus Barnard born 1874 or 1875, Wolmaranstad, and died at Vrede, Bothaville in November 1932. Latter married Maryna Maria Francina Petronella Swanepoel

BLOM diderick.blom@gmail.com

Ek is Diederick Johannes Blom en het in Vryburg groot geword. My Oupa was ook Diederick Johannes terwyl my pa en my seun se familie name Barend Johannes is. Ek sal graag wil hoor van ander met dieselfde familie name. Enige inligting oor hierdie familie sal welkom wees.

BRAND mhbsenior@iburst.co.za

Alle lewende nasate van die Brand's gebore uit Brands wat op plaas Doornboom gebore is. Die plaas is langs Bergrivier, Piketberg se kant. Kontak M.H.Brand ek soek informasie dringend. Sal dit waardeer. Dankie.

BRIEDENHANN rbstellenbosch@gmail.com

Frederik Johannes Briedenhann getroud met Agnes Susan Barbara Hayes (gebore 1890) - seun Jacobus Johannes Briedenhann (gebore 1917). Ek is opsoek na die familie van Fredrik Johannes Briedenhann.

CHURCHILL die.enigste.os@gmail.com

Ek is op soek na die ouers van Caroliena Petronella Meier, * September 1800 aan die Kaap en oortede Aug 1867 in die Paarl. Sy was getroud met JH Stigling(h). lyk of ek in 'n doodloopstraat beland het; sal baie dankbaar wees vir inligting.

COETZEE Frederika Magdalena Corina Coetzee

alta227@ovi.com

Ek is op soek na my vader en sy familie. Sy naam is Frederik Coenraad Coetzee. Ek is gebore 7 Junie 1961 in Pretoria. My moeder was Machtild Johanna (Hall) Terblanche, (noemnaam Tillie / Tilla). My ouers was nie getroud nie. Ek was in Christiana aangeneem deur Nicholaas JJ Swart en Aletta J (Kunneke) in 1962. My moeder se ouers was John Darrell Hall, hy het geïmmigreer van Ierland in 1935 na SA en is getroud in 1937 in Germiston. Sy ouers was John Darrell Frederick Hall en Johanna Petronella Burger en John Darell Hall het met Helena Elizabeth van der Merwe getrou. Haar ouers was Louis Petrus van der Merwe en Magdeld Johanna Schent. My eie vader se familie ken ek nie. As daar iemand is wat my met meer inligting en fotos kan help sal ek dit baie waardeer.

FARRELL ozfarrells@gmail.com

Ek doen navorsing oor ons eie Farrell stamboom, maar ek help ook die Farrell navorsers om sy rekords, oor al die verskillende FARRELL stambome in Suid-Afrika, meer volledig te maak.

PIENAAR bernie.hesse@mweb.co.za

Ek is op soek na inligting oor Pienaars wat ongeveer in die laat 1800's in Gouritz geboer het. Van die susters het later in Mosselbaai gewoon. Van die susters was getroud met Smith, Van der Wath en Oosthuizen.

RAATZ moiraraatz@gmail.com

My oupa was John Raatz hy was 'n Duitser. My ouma was Katriena. My pa was Hendrick/Henry Raatz gebore 1911. Die Raatz familie het in Laingsburg en Touwsrivier gewoon. Hulle was lidmate van die Berlynse Luteraanse kerk. Ek is dringend opsoek na enige familie of enige persoon wat my inligting kan voorsien. Ek sal dit baie waardeer.

Gebed van 'n Griekwa-moeder vir haar kinders

Liewe Djinre

Omgord my sê kinnars met U sê liefde soos 'n splinternuwe step-in. Laat U se lig op hulle skyn sos 'n mouterkar yt die dofrp sê ligte, en nie sos die kersie hier langers my nie.

Laat hulle af-erd enommelbekers oorlop met die vette van 'n dorperskaap en die kaiingse ook sommer daarby agterbly in 'n tweekond jemblik.

Dankie myse Kroon.

AGTEROS

Net voor uitspantyd



“ Die vet wat agterbly in die kastrol kan jy laat afkoel en eenkant hou vir Sondag se brosaartappels.

Deur NIËL STEMMET

Die ou mense het gewoonlik die vet van die skaap se stert daarvoor gebruik. Die skoon vet is net uit gehaal en dan in 'n pan uitgebraai, tot net die kaiings oorbly. Hoe water my mond nou.

My ouma Miemie aan my ma se kant was vreeslik lief hiervoor, sy het altyd hare stadig uitgebraai tot dit brosbruin was en dan neffens die bord neergesit en dan het ouma met 'n groot glimlag agter die bak gaan sit en begin om weg te pak.

Sy het oud geraak, kaiings en al, dit was voor die dae van cholesterol en bangmaakpraatjies van die hartsiektes. Bygesê ouma was 'n harde werker en die kaiings was haar petrol.

Ons ry eendag hier op boontoe na Upington se wêreld en op Vanrhynsdorp kan jy wragtig kaiings koop in 'n saamneem plastieksakkie. Ons het omtrent weggeleë, maar hier ná die tiende hap het die geil agter my kiewe kom sit. Vir my moet hy darem warm wees en ek moet 'n tamatie of twee hê om die geil te verwurre.

Die ou mense, kom ons se die arm oumense, het elke kriesel van 'n slagdier gebruik en verwerk, elkeen had sy eie gunstelingsnit van die offerdier. Vir party was dit die kop en in die kop was daar vele offerandes: Die wange, die oë en ensomeer. In Loeriesfontein by ant Annie het ons een middag aan tafel gaan aansit.

Na die gebruiklike "Maak toe julle oë" sit sy twee bakke voor met groot trots in haar mooi, regop lyf. Dis nou terwyl die wind om die hoeke van die huis huil, dit was so droog in daardie tyd (begin sewentigs) dat tot die bloekombome begin vrek het. net die weeklaag van die wind, die windpomp se kerm klanke en die skape se blêr om die stilte van die droë vlaktes te versin. Kyk, die mense van my het werklik die grond lief gehad, maar vir ons kinnners was dit 'n eensame, sou ek kon sê - godverlate plek.

Met groot verwagting sit ons kinnners kwylbek en wag vir die Karooskaap se vleis, en daar onder die twee bakke met die warm deksels lê hulle - skaappere, en in die ander bak brose gebraaide skaapstertjies. Ek wens jy kon ons gesigte sien en my ma s'n en tante Annie s'n, want die Kaapse familiegoed behalwe my pa, het nie die Karoo se spesaliteite waardeer nie.

Later by tant Johanna, wat op Granaatboskolk gebly het, het ons skaapvleis geëet soos ons hom van my ma geken het: heerlike tjops, boud, blad, wors en ander snitte. Die mense was Godvresend en eerbiedig daar, Sondagmôre vroeg is ons van kop tot tone gekrop en in ons Sondagklere het ons almal op 'n ry in die in die sitkamer gaan sit om te luister na die preek op die draadloos - in stilte, net die dominee se praat oor die kortgolf met hier en daar die ssjuu-geluid en fluitgeluid soos die radiogolwe die man van God se stem verloor en wen.

Om weer by die kaiings se storie uit te kom. Die ou mense het 'n handmeul gevat en die skoonvet van die slagdier met die growwe lem gemaal. Gooi 'n bietjie water in jou Leipoldt-kastrol, maak hom goed warm en skep die vet in Hou die hitte dop, hy moet nie te kwaai wees nie]. Soos die sagte vet brose uitbraai sal die kaiings vorm en bo begin dryf. Blerts hom hier en daar met 'n bietjie gekookte volroommelk terwyl hy uitbraai.

Skep die kaiinggoed uit op 'n vaallap om die vet te absorbeer. Strooi met seesout en swart maalpeper en eet hom skoon of op plaasbrood gesmeer met plaasbotter, of op jou môrepap saam met 'n bietjie bloekomheuning, 'n skeut

vars suurlemoensap en 'n wasem kaneel.

Die vet wat agterbly in die kastrol kan jy laat afkoel, hier en daar 'n naeltjie indruk en eenkant hou vir Sondag se brosaartappels.

Van die mense het hom bo-op pampoen gegooi met sout en maalpeperen dan in die oond gebak tot die kaiing se geil in die pampoen se lyf gaan bly het – ek sal blokkies fetakaas oorstrooi en stukke groenvye.

Wat die storie en gebruik van kaiings vandaan kom weet ek nie, wel dat die vetstertskape se sterte altyd vir die maak van kaiings gebruik is. Dit wil sê die resep is so oud soos die berge. Die oumense het ook gepraat van kaiingklippies. Dit was klein en swartrond soos die lyfies van kaiings en is in die kaiingveld gekry, die noord- en noordwestelike streek van Namakwaland tot en by Britstown.

KAMMANUUS verskyn weer op 10 MAART